# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**EKSAMEN**

**2016**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 50**

**TYD : 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *4* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A : Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING B : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só

   AFDELING B : 60 minute
   AFDELING C : 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

1.1 **INFORMELE BRIEF**





**Jy was onlangs by ‘n baie groot sport byeenkoms. Skryf nou aan ‘n maat daarvan. Vertel wat jy alles gesien en beleef het en hoe jy gevoel het terwyl jy daar was.**

**[30]**

**OF**

1.2 **KORT OPSTEL**

**Mense is baie belangrik in ons lewens.**






**Skryf ‘n opstel waarin jy vertel van die belangrike mense in jou lewe. Hoekom is hulle belangrik? Wat doen hulle vir jou? Vertel.**

**[30]**

## AFDELING B: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

2.1 **DAGBOEKINSKRYWING**



**Vandag was weer een van dáárdie moeilike dae wat tieners soms het. Skryf in jou dagboek wat gebeur het en hoekom dit so moeilike dag was.**

**[20]**

**OF**

2.2 **RIGTINGS**

**Verduidelik aan John, jou nuwe maat by die skool, om van die skool tot by jou huis te kom. Onthou om die straatname te gee en die landmerke ook te noem.**

**[20]**

**TOTAAL: 50 PUNTE**